

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n Addendum van 10 bladsye (i–x). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

AFDELING A: Begrip, Taal en Styl	(50 punte)
AFDELING B: Poësie	(30 punte)
AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid	(20 punte)
 3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.
 4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verplichtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verplichtend).
 5. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.
 6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.
 7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en skryf slegs binne die kantlyne.
 8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let veral op die puntetoekenning by elkeen van die vrae as riglyn vir die antwoord se lengte.
 9. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
 10. Goeie taalversorging sal in jou guns tel.
-

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL**VRAAG 1 BEGRIP, TAAL EN STYL**

Die skrywer en kunstenaar Johan Myburg skryf 'n rubriekreeks vir die tydskrif *Vrouekeur* met die titel "Kunstenaarsoog: Kuns in 'n neutedop".

In die uitgawe van November 2017 is die titel van daardie maand se rubriek "Gaan na die (skaal)dier en word wys".

Lees nou hierdie rubriek (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

1.1 Wat beteken die uitdrukking "in 'n neutedop" in die opskrif van die rubriek en wat beteken dit binne die konteks van die rubriek? (2)

1.2 Bestudeer die volgende uittreksel uit 'n woordeboekinskrywing in die *HAT6*:

klui•se•naar *s.nw.* [~s] iemand wat alleen woon en hom/haar van ander mense afsonder, soms om godsdienstige redes; hermiet; anachoreet: *Meer as een vroeë Christen het as kluisenaar in die Egiptiese woestyn gelewe. Ná die dood van sy vrou en kinders het hy 'n regte kluisenaar geword.*

1.2.1 Verduidelik die gebruik van die **onderstreping** en die **kolletjies** tussen letters in die hoofwoord van die inskrywing. (1)

1.2.2 Bestudeer die inligting wat Myburg in sy rubriek verskaf en verduidelik of jy dink dat **kluisenaarskrap** 'n gepaste naam vir hierdie diersoort is. (2)

1.3 Lees die vetgedrukte sin in par. 2.

1.3.1 Skryf hierdie sin in die **bedrywende vorm** oor. (1)

1.3.2 Wat is die geskikste vorm vir hierdie sin: die bedrywende vorm of die lydende vorm? Motiveer jou antwoord. (1)

1.4 Beskryf die verband tussen par. 3 en 4 deur die funksie van par. 3 te betrek. (2)

1.5 Waarom vind hedendaagse kunstenaars vlugteling en immigrante interessant? Gebruik inligting uit die teks asook jou eie kennis om hierdie vraag te beantwoord. (3)

1.6 Waarom is die byvoeglike naamwoord **deursigtige** (par. 6) 'n akkurate en gepaste beskrywing van Inomata se kunsprojek? (2)

1.7 Wat word met die woord **betekenisgelaagdheid** in die konteks van par. 7 bedoel? (2)

- 1.8 Die term **3D-drukker** kom in par. 8 voor.
- 1.8.1 Waarvoor staan die afkorting **3D** in hierdie term? (1)
- 1.8.2 Wat is die verskil in funksie tussen die koppelteken in **3D-drukker** en die koppelteken in **video-installasiewerk** (par. 14)? (2)
- 1.9 Diereregtegroepe sou sekerlik Inomata se uitstalling deeglik ondersoek het om te verseker dat die kluisenaarskrappe op 'n etiese manier behandel sou word. Noem TWEE dinge wat die kunstenaar en die organiseerders van die uitstalling kon doen om etiese behandeling van die krappe te verseker. (2)
- 1.10 Waarom word die titels van Inomata se kunswerke in Engels gegee, maar haar direkte woorde in Afrikaans? Verskaf TWEE redes. (2)
- 1.11 Verduidelik die gebruik van **aanhalingstekens** in par. 14 deur die konteks deeglik te betrek. (2)
- 1.12 In die eerste sin van par. 15 word melding gemaak van **die mens** en **diere**. Wat is die effek daarvan dat die skrywer 'n enkelvoud en 'n meervoud kontrasteer? (2)
- [27]**

VRAAG 2 **BEGRIP, TAAL EN STYL**

Lees die opskriflose koerantartikel [XXX – OPSKRIF – XXX] deur Lori Farr (Teks 2 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

2.1 Die byvoeglike naamwoord **vermaarde** (par. 1) beteken "wêreldberoemde".

Is dit oordrewe om Tom Michell 'n "vermaarde skrywer" te noem?

Skryf TWEE antwoorde op hierdie vraag neer: een wat begin met "Ja, ..." en een wat begin met "Nee, ...". Gebruik inligting uit die teks om jou antwoorde te motiveer. (2)

2.2 Die skrywer van die artikel, Lori Farr, se styl is soms baie swak, veral in terme van sinsbou. 'n Goeie subredakteur kan die artikel verbeter. Die volgende twee opdragte verwag van jou om sulke verbeteringe aan te bring.

2.2.1 Voeg die twee vetgedrukte sinne in par. 2 saam tot een **enkelvoudige sin**. (1)

2.2.2 Skryf par. 3 in een sin oor. Gebruik voegwoorde en betreklike voornaamwoorde om logiese vloei te verseker. (1)

2.3 Haal 'n woord uit die teks aan wat aandui dat Michell iets onwettigs gedoen het. (1)

2.4 Die studente by Michell se skool het lewenslesse uit die teenwoordigheid van die pikkewyn geleer.

Dink aan 'n belangrike lewensles wat jy, nes Michell se studente, tydens jou matriekjaar geleer het en wat jy graag aan 'n jonger vriend/vriendin wil oordra.

Skryf hierdie les in 'n kort paragraaf. Maak seker dat dit duidelik is waarom hierdie les vir jou belangrik is. (2)

2.5 Het Tom Michell vir José Salvado eties korrek behandel? Verduidelik jou argument in 'n uitgebreide paragraaf. (3)

2.6 Die koste van Michell se besoek aan Suid-Afrika word gedeel deur die uitgewery Penguin Random House (Suid-Afrika) en die Britse ambassade. Gee 'n rede waarom EEN van hierdie twee instansies Michell se besoek sal borg. (1)

2.7 Wat word met 'n **volhoubare lewe** (par. 8) bedoel? (1)

2.8 Verskaf 'n gepaste opskrif/titel vir hierdie artikel van nie meer as agt woorde nie. (1)

[13]

VRAAG 3 **TEKSVERWERKING**

Lees Willie Burger se riglyne oor "Literêre kritiek" (Teks 3 in die Addendum) en voer die volgende opdrag uit.

Konteks:

Jy is pas aangestel as die nuwe boekeredakteur van jou skool se studentekoerant. Jy moet dringend vasstel hoe om goeie resensies te skryf en jy vind Willie Burger se rubriek in *Vrouekeur*.

Opdrag:

Stel 'n kontrolelys van hoogstens 70 woorde op met wenke oor hoe om 'n goeie resensie te skryf. Gebruik slegs die idees wat in die rubriek voorkom.

Let op die volgende riglyne:

- Verskaf 'n **opskrif** vir jou lys, maar moet dit NIE in jou woordtelling inreken nie.
- Sluit ongeveer **agt wenke** op jou lys in.
- Gebruik slegs **bevelsinne** in jou lys (indien jy stelsinne of vraagsinne gebruik, sal jy gepeenaliseer word).
- Dui jou woordtelling onder jou lys aan (tel alle woorde, ook **die** en **'n**).
- Jou lys sal met 'n metingskaal, wat die inhoud, die taalgebruik en die spelling in ag neem, nagesien word.

[10]

50 punte

AFDELING B POËSIE**VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG**

Lees die gedig "Lady Anne by die mikrogolfoond" deur Antjie Krog (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 4.1 Wie is die "susters" wat deur die spreker in strofe 1 aangespreek word en met watter **toon** word hulle aangespreek? (2)
- 4.2 Word hierdie toon, wat jy in Vraag 4.1 beskryf het, deur die hele gedig volgehou? Verduidelik jou antwoord kortliks deur na spesifieke aanhalings uit die gedig te verwys. (2)
- 4.3 Verduidelik die dubbelsinnigheid in versreël 8 in jou eie woorde. (2)
- 4.4 In strofe 3 (versreël 11 tot 14) verwys die spreker na TWEE spesifieke historiese gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika.
Identifiseer EEN van hierdie twee gebeurtenisse en verduidelik kortliks waarom dit in hierdie gedig betrek word. (2)
- 4.5 Verduidelik in jou eie woorde tot watter slotsom die spreker in strofe 4 (spesifiek in versreël 17 tot 23) kom. Verwys spesifiek na die frases "melk en heuning" (versreël 18) en "sagte geluid van as" (versreël 21) in jou antwoord. (3)

[11]

BEANTWOORD VRAAG 5 OF VRAAG 6.**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG**

Lees "Marilyn Monroe: foto in rou" deur Joan Hambidge (Teks 5 in die Addendum) deur en beantwoord die volgende vrae:

- 5.1 Die spreker het 'n plan vir die skryf van die gedig gehad, maar sukkel om vorm daaraan te gee.
- 5.1.1 Verduidelik hoe die spreker in versreël 3 van plan verander. (1)
- 5.1.2 Waardeur word die spreker se "onvermoë" (versreël 11) opgehef? (1)
- 5.2 Haal 'n versreël uit die gedig aan wat kontrasteer met "argetipiese seksgodin" (versreël 5) en verduidelik hierdie kontras in jou eie woorde. (2)
- 5.3 Die frase "witter as sneeu" (versreël 29) is 'n Bybelse aanhaling. Is dit 'n geskikte keuse in die konteks van die gedig? Motiveer jou antwoord kortliks. (2)
- 5.4 Jy het twee gedigte oor Marilyn Monroe bestudeer: Hierdie een deur Joan Hambidge en "Marilyn Monroe: foto in goud" deur Lina Spies (teks 6 in die Addendum). Watter een van hierdie gedigte is na jou mening die beste? Motiveer jou antwoord deur te verwys na die **spreker se siening** van Marilyn Monroe en enige **digterlike tegniek** wat 'n belangrike verskil tussen die twee gedigte gaan uitlig. (3)

[9]**OF****VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG**

Lees die gedig "Marilyn Monroe: foto in goud" deur Lina Spies (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 6.1 Marilyn Monroe word in versreël 4 vergelyk met die figuur van Venus in Sandro Botticelli se skildery *Die geboorte van Venus*. Verskaf TWEE redes waarom hierdie interteks van pas en geslaagd is. (2)
- 6.2 Haal 'n frase uit die gedig aan wat met "breë wenkbrouboog" (versreël 16) kontrasteer. Verduidelik hoe hierdie kontras die strekking van die gedig ondersteun. (2)
- 6.3 Lees weer versreël 22 en 23.
- 6.3.1 Wie se woorde word hier aangehaal? (1)
- 6.3.2 Wat is die effek van hierdie aanhaling op die betekenis van die gedig? (1)
- 6.4 Jy het twee gedigte oor Marilyn Monroe bestudeer: hierdie een deur Lina Spies en "Marilyn Monroe: foto in rou" deur Joan Hambidge (Teks 5 in die Addendum). Watter een van die gedigte is na jou mening die beste? Motiveer jou antwoord deur te verwys na die **spreker se siening** van Marilyn Monroe en enige **digterlike tegniek** wat 'n belangrike verskil tussen die twee gedigte gaan uitlig. (3)

[9]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Lees die gedig "Hartomleiding" deur Naudé Kritzinger (Teks 7 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 7.1 Verduidelik in jou eie woorde die metafoor wat in versreël 2 en 3 voorkom en beklemtoon die verband met die konteks van die hele gedig. (2)
- 7.2 Die frase "brose borsie" in versreël 5 word op twee maniere beklemtoon: deur **alliterasie** en deur die gebruik van 'n **verkleinwoord**. Verduidelik EEN van hierdie twee tegnieke en laat dit duidelik blyk hoe die gebruik daarvan bydra tot die betekenis van strofe 1. (2)
- 7.3 Waarom word die strofes deur asteriske geskei en nie slegs deur wit reëls soos gewoonlik nie? Verduidelik ook hoe die gedig se betekenis hierdeur ondersteun word. (2)
- 7.4 In strofe 3 lees ons van 'n "wit handskoen" (versreël 10) en "bloedrooi bloed" (versreël 11). Is dit nodig om in hierdie konteks die kleure so spesifiek te noem? Bespreek EEN van die twee gevalle om jou antwoord te ondersteun. (1)
- 7.5 Watter indruk skep die spreker omtrent die vrouefiguur wat in versreël 12 en 13 beskryf word? Brei jou antwoord genoegsaam uit om die konteks van die hele gedig asook die titel te betrek. (3)

[10]

30 punte

AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID**VRAAG 8 ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie vir Efekto-miergif (Teks 8 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 8.1 Wat impliseer die advertensie omtrent die mier (regs in die advertensie)?
Neem die **plek** waar die mier voorkom asook die **grootte** van die mier in ag. (2)
- 8.2 Wat hou die mier in sy pote vas en hoe pas dit by die strekking van die advertensie? (2)
- 8.3 Onder die foto van die mier in die tuin kom 'n booglyn voor; tussen die foto van die produk en die opskrif "Kliëntediens" is daar 'n soliede en reguit lyn. Watter betekenis sou hierdie twee verskillende lyne in die konteks van die advertensie kon oordra? (2)
- 8.4 Dink jy dit is eties aanvaarbaar om miergif te gebruik? Motiveer jou antwoord kortliks. (2)
- 8.5 Mense wat hierdie advertensie in tydskrifte gesien het, het gekla dat die woord **buite** (in die opskrif) verwarrend gebruik word. Verduidelik hierdie verwarring deur te verwys na die kopie/teks én die grafika/visuele element van die advertensie. (2)

[10]

VRAAG 9 SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent deur Fred Mouton (Teks 9 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 9.1 Vergelyk die gesigsuitdrukking van die dier op die dierekaart (in die seun se hand) met die gesigsuitdrukking van die dier regs agter in die spotprent. (2)
- 9.2 As 'n mens in gedagte hou dat die dierekaarte gemaak is om kinders se kennis oor die natuur uit te brei, word **twee** ironieë in die spotprent duidelik. Sê in jou eie woorde wat hierdie ironieë is. (2)
- 9.3 Hoe kan 'n mens uit die spotprent agterkom dat die pa en die seun in 'n natuuumgewing is? (1)
- 9.4 Tree dié mense eties korrek op in die natuuumgewing? Motiveer jou antwoord deur spesifiek na die spotprent te verwys. (1)
- 9.5 Skryf een woord neer waarmee 'n mens gesamentlik na die bome, bosse en grasse van die natuuumgewing kan verwys. (1)
- 9.6 Beskryf óf die pa óf die seun se gesigsuitdrukking. Sê watter emosie agter daardie uitdrukking skuil en hoe die gesigsuitdrukking en emosie tot die ironiese strekking van die spotprent bydra. (3)

[10]

20 punte

Totaal: 100 punte